

Vrydag 30 April

Skrifgedeelte: Kolossense 4:7-18 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Kolossense 4:10, 11

Wees 'n medewerker in die koninkryk van God

Hoe sou 'n medegelowige wat ons goed ken, ons beskryf? As medewerkers in die koninkryk van God? Dit is 'n belangrike vraag, want die teendeel kan ook waar wees: ons kan dalk 'n teleurstelling of struikelblok in die koninkryk van God wees.

As Paulus hier aan die einde van hierdie brief verskillende mense se groete aan die gemeentes oordra, noem hy vir Aristargos, Markus en Jesus Justus spesifiek sy medewerkers vir die koninkryk van God. Hierdie drie manne was elkeen op hulle eie unieke manier vir Paulus van groot hulp. Paulus het van hierdie drie Jode baie ondersteuning ontvang, bemoediging en praktiese hulp op sy sendingreise, in die gemeentes en selfs toe hy in die gevangenis was. Hierdie manne was nie kalklig-mense nie, ook maar gebarste erdekruike soos ons almal ... en tog word hulle medewerkers in die koninkryk van God genoem.

Wat behels dit om 'n medewerker vir die koninkryk van God te wees? Dit beteken dat ek en jy bereid is om as instrument gebruik te word in God se koningsheerskappy oor alles en almal.

- Dit vra eerstens van ons om persoonlik in alles te buig voor ons Koning en Here. Hy het immers nou alle seggenskap oor en in ons lewens as nuwe mense in Christus.
- Dit vra verder dat ons saam met ons medegelowiges sal werk om God se koningsheerskappy te vestig in ons saamwees en saamwerk as gelowiges, maar ook in die gemeenskap en land waar ons woon. Ons het mekaar se ondersteuning en gawes hierin baie nodig. Ons kan niemand se bydrae hierin mis nie. Ook nie joune nie!
- Om werklik medewerkers vir die koninkryk te wees en te bly, moet ons daaglik bid: *Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde!* Kyk net hoe mooi verduidelik ons belydenis hierdie gebed in Sondag 49 van die Heidelbergse Kategismus. Lees die verduideliking hieronder 'n paar keer deur en maak dit jou gebed as medewerker vir die koninkryk van God!
- *Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpraterij gehoorsaam te wees, sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer soos die engele in die hemel* (HK Sondag 49).

Sing: Psalm 116-1:9, 10

Ds. BR Kingma (Reinder) (Bellville-Oos)